Matteus 20:33.

Daardie Woord
innig jammer
nie Concern nie
wel Compassion
wat die kultus verbied het
al staan dit in die Bybel van daai tyd, in Levitikus 18.

Jesus sê: maak jy ook so
Moenie bekommerd wees nie, die Bybel verbied bekommer,
verbied Concern
maar gebied Compassion,
Innige jammerte
splagnizomaai,

"wat moet ek doen om gered te word" vra die wetgeleerde,
sê Jesus, nie Concerns nie
nie heilige afsondering nie
net inklusiewe jammerte
innige jammerte
gaan maak jy net so.

en **Lukas 14 : 13**
As jy 'n feesmaal gee...en jy nooi 'n arme, sal God jou
vergoed, by die opstanding van dié wat reg gedoen het."

amen.

ccx

LUKAS 10

Die parmantige Samaritaan

Stereotipes, ons almal het stereotipes, die dilemma is dat stereotipes ook 'n familielid het "vooroordele", en saam is hierdie 2 dodelik, ons leer stereotipes van kleins af aan, dit begin as baie eenvoudige huisreëls, vat maar iets soos "mens klim nie by vreemde mense in die motor nie" wat ons vir ons kinders leer, die idee kan by kinders posvat dat alle vreemde mense slegte mense is, dit is die dilemma met stereotipes, veralgemeen: jy klim nie in vreemde karre nie, vooroordeel: almal wat vreemd is, is sleg.

In die kerk is daar ook stereotipes, en die kerk hou dit self in stand, al skryf Paulus, Galasiërs 3 : 26
"Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.

bedoelende: God het almal wat in Hom glo ewe veel lief.

Jesus is 'n Meester om stereotipes te ontmasker, bv vandag se teks: **Lukas 10 : 25 – 37,** waar Jesus 'n godsdienstige stereotipe aanspreek, die verhaal van die Samaritaan, die belangrikste verhaal wat Jesus vertel oor stereotipes.

Daar was 'n wetgeleerde wat aan Jesus 'n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra: **"Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?"** :25 **"Jy het reg geantwoord" sê Jesus vir hom: "Doen dit, en jy sal die lewe verkry."**
"Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy ook so."